21 Oktober

Leef en dink nuut...
oor die kerk

Dink en Leef Nuut

Snap here to pay

Erediensteye

Oggenddiens	09:00	: Ds Déwyk Ungerer - Sola Gratia. Efesiërs 2
Dissipelland	09:00	: Nelia Wagner - Die Wapenrusting
Adoramus	17:00	: Ds Francois Esterhuizen - Sing tot eer van die Here. Psalm 96
Aanddiens	18:00	: Ds Francois Esterhuizen - Tradisiegeloof. Matteus 16

Belangrike Datums

25 Oktober	: Doopkategese 19:00 Konsistorie (vir alle ouers wat op 4 November, 2 Desember 2018 of 13 Januarie 2019 wil doop)
26 tot 28 Oktober	: Kermis/Oesfeesnaweek
5 tot 9 November	: Bedieninge vergader

Oesfees-ete

Die Kerkraad nooi lidmate uit na ons Oesfees-ete. Hierdie gratis ete aan lidmate is om daarmee dankie te sê aan elkeen wat op een of ander wyse gedurende die jaar 'n bydrae gemaak het aan Raslouw Gemeente. Ingesluit by die gratis ete is 'n braaipakkie vleis, twee slaaie, broodjies, nagereg en koffie/tee. Bring net jou eie stoel, eetgerei en drinkgoed. Vure sal ook voorsien word.

Die bedoeling is om saam as gemeente te eet en geen kos sal van die terrein verwyder kan word nie.

Om ons eie dankbaarheid te bewys versoek ons dat elkeen wat heerlik kom saam eet, vir ons nie-bederfbare kos (bv. blikkieskos) sal saambring. Ons wil graag weer daarmee ons koskas aanvul sodat ons ook vir hulle wat nie so gereeld en lekker eet soos ons nie, ook iets kan voorsien.

Oesfees-etekaartjies is net na die oggenddiens beskikbaar in die voorportaal.

Noag-opvoering

Baie dankie aan almal
wat met die Noag-opvoering gehelp het.

Betalingsmetodes

Snapscan	Internet	Magneetband	Koevert	Kontant
Snap here to pay	www			®

Gebed vir die siekes en Algemene Pastoraat

Kontak gerus een van die leraars vir enige gebedsversoeke.

- ✞ **Ria van den Berg** - Bid asseblief vir haar gesondheid (082 378 0019).
- ✞ **Heiltjie Jonker** - Heiltjie is baie siek. Bid vir algemene gesondheid (Sonja 072 381 8120).
- ✞ **Willie Fourie** - Willie is in die hospitaal. Bid asseblief vir algemene gesondheid (083 459 3711).

Teeskink Vierde Kwartaal

Datum	**Groep**	**Selfoon**
28 Oktober	Oesfees/Hervormingsfees	
04 November	Ansie Eksteen	082 340 6643
11 November	Cora Marais	082 376 4692
18 November	Jeug - Riaan van Zanten	082 652 1557
25 November	Sonet Dippenaar	082 710 1586
02 Desember	Kantoor - Louisa Blignaut	082 775 5763

Die kerkkantoor sal jou Maandagoggend weer herinner aan jou teeskinkbeurt die betrokke Sondag.

Indien jou groep nie kan skink nie, reël asseblief self betyds met een van die ander groepe om om te ruil en laat weet die kerkkantoor, Louisa by 012 654-3936.

Bring asseblief eie vadoeke saam!

Nog 'n jaar jonger

Graag wil ons die volgende lidmate gelukwens met hul verjaardae en God se rykste seën toebid:

Smith	Matthys	10/21	083 246 3828
Van der Merwe	Lettie	10/21	082 664 5900
Van Rensburg	Drusilla	10/21	082 414 6414
Gerber	Koba	10/22	084 582 8818
Groenewald	Coen	10/22	084 926 7294
Janse van Rensburg	Cecilia	10/22	082 859 9970
Theron	Willem	10/23	083 292 5364
Lubbe	Marina	10/25	082 388 0016
Kruger	Marie	10/27	082 667 1680
Mynhardt	David	10/27	071 339 9279

Foto's vir 2019 se kalender

NG Raslouw se jaartema vir 2019 is "Vensters".

Daar word beplan om ook dieselfde tema vir 2019 se kalender te gebruik.

Het u dalk 'n mooi foto van 'n katedraal se venster, die winterson wat deur die venster skyn, of laggende kinders wat deur 'n venster afgeneem is?

Gemeentelede word genooi om foto's van vensters, wat moontlik in 2019 se kalender gebruik kan word, aan te stuur na Karen by die kerkkantoor (tel 012 654-0228, e-pos: raslouw@mweb.co.za)

Foto's om die kantoor te bereik teen nie later nie as Maandag, 22 Oktober 2018. U is welkom om vir George Ingram te skakel by 082 377 8506 vir meer inligting.

Jeug@Raslouw

Datums om te onthou

28 Oktober : Oesfees en Gesinsdiens: Geen Dissipelland, Kategete of Aanddiens

04 November : Klasafsluiting

11 November : Kategete jaarafsluiting (oggend en aand)

18 November : Kerssangdiens

25 November : Belydenis van geloof-aflegging

Ons nooi jou uit om by ons Jeugbedieningspan van 2019 aan te sluit.

Kontak Nelia (084 880 3355) vir meer inligting.

Kaastoer by Van Gaalen Kaasplaas

Wanneer : Saterdag, 24 November 2018
Tyd : 09:00 - vertrek vanaf kerkparkering / toer begin 10:00
Plek : R560 Skeerpoort
Kostes : R115.00 p/p vir toer, kaasproe asook koffie/sap en Duitse appelkoek ingesluit
Plus ekstra geldjie vir ete indien verkies
RSVP : Vrydag, 16 November 2018
Navrae : Skakel Estelle van der Merwe by 084 954 2822

Alle enkelpersone is welkom, enige ouderdom of kerkverband!

Hoop om jou daar te sien!

Soek werk / Nuwe uitdaging

Bemarkings-/Verkoopskonsultant (“Call Centre”) op soek na nuwe uitdaging.

Kontak Andries Smit (078 977 6457).

Kermis 2018

Handwerktafel

Die somer is hier en weer tyd vir ons vrouens om kaste en laaie reg te pak. Indien u enige geskenke of linneware het wat nie meer by u kleurskema inpas nie - ons wil graag ‘n geskenketafel opstel. Enigiets sal welkom wees en dankbaar aanvaar word.

Navrae : Anna van Huyssteen (082 862 6590 of 012 660-1905)

Pannekoek, Worsbroodjies, Kerrie & Rys

Ons benodig donasies vir die pannekoeke: Koekmeelblom, eiers, olie, wit asyn, kaneel en suiker.

Vir die kerrie-en-rys-tafel: Benodig borge vir maalvleis, blatjang, klapper en rys.

Worsbroodjie- en koeldranktafel : Ons benodig verkopers.

Kontakpersoon : Ds Francois Esterhuizen (082 786 9674)

Bierbokse

Ons benodig asseblief bierbokse wat ons wil gebruik by die kermis sodat mense die artikels wat hulle koop daarin kan plaas. Indien u dalk sulke bierbokse het, bring dit asseblief na die kerk.

Daar is ook ’n reëling met Makro se drankafdeling getref om by hulle sulke bierbokse te kry. Indien u dalk daar verby ry en moontlik daarvan kan oplaai, wil u nie asseblief daarvoor vra (kontakpersoon Hannelie Strydom) en vir ons kerk toe bring nie.

Kontakpersoon : Ansa Ungerer (083 388 4602)

Poedingtafel

Baie dankie vir die bestanddele wat ons reeds ontvang het. Indien dit moontlik is, vra ons asseblief nog bydraes. Lewer dit asseblief op die laaste Donderdag, 25 Oktober by die kerk-kantoor af. Ons benodig ook groot asseblief klaar voorbereide poedings. U kan dit Vrydag, 26 Oktober tussen 15:00 en 16:00 by die groot kombuis aflewer of Saterdagoggend (27 Oktober) by die kermis se poedingtafel.

Kontak Elmarie (082 782 7341) en Lynette (082 567 5588) vir poedings.

Ons benodig baie poedings!

Helpers

In die voorportaal is lyste vir helpers by die verskillende stalletjies. Skryf asseblief jou naam op!

Gazebo’s

Ons is opsoek na 5 groot gazebo’s vir die kermis. Indien jy vir ons ‘n gazebo kan leen, kontak asseblief ds Déwyk (082 572 6463).